**KZN – DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL**

**AFRIKAANS – EAT**

**VOORBEREIDENDE – EKSAMEN – 2018**

**VRAESTEL 2 : LETTERKUNDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | : 12 | **TYDSUUR** | : 2 UUR |
| **EKSAMINATRISE** | : S. REDDY | **PUNTE** | : 70 |
| **MODERATRISE** | : P. RAMJEE | **DATUM** | : 10 /09/2018 |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

- Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.
- Hierdie vraestel bestaan uit 2 Afdelings (A en B).
- Afdeling A : Gedigte (35), Afdeling B : Roman (35).
- Beantwoord AL die vrae. Daar is geen keuse nie.
- Nommer jou antwoord soos die vrae genommer is.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Bestee omtrent 1 uur aan elke afdeling.
- Skryf die voorletters van jou onderwyser / onderwyseres bo-aan.

Blaai om ... Afdeling A

**AFDELING A : POËSIE**

**VRAAG EEN**

Lees die onderstaande gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg :

## By die robot in Eerstelaan

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en so seer

'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en 'n kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

Blaai om … Vrae…

**VRAE :**

1.1 Kies die aanhaling in Kolom B wat by die letterkundige aspek in Kolom A pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 alliterasie<br>1.1.2 polisindeton<br>1.1.3 klanknabootsing | A. Sy arm word gepluk en geruk en hy skrik.<br>B. Knars.<br>C. …so styf en seer.<br>D. ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan. |

[3]

1.2 Haal EEN woord aan wat wys dat die blinde man geen huis het nie. [1]

1.3 Haal die versreël aan wat bewys dat die verkeerslig tot rooi verander het. [1]

1.4 Die titel van die gedig is "By die robot in Eerstelaan."

1.4.1 Bespreek die figuurlike betekenis van die titel. [1]

1.5 Haal 'n versreël aan wat wys dat daar meer as een persoon is. [1]

1.6 Watter drie opeenvolgende woorde uit strofe 3 beskryf die wreedheid van die tsotsi teenoor die blinde man aan. [1]

1.7 Identifiseer en bespreek die volgende beeldspraak in versreël 13 :
"Sy hart klop vinnig soos die van 'n bang kind." [2]

1.8 Watter DRIE sintuie word in die gedig gebruik? [3]

1.9 Sê waarom die volgende stelling waar is. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die gedig.
Die dogtertjie voel jammer vir die man wat by die robot bedel. [1]

1.10 Hoekom is "eerstelaan" in versreël 7 in klein letters geskryf? [2]

1.11 As jy die blinde man by die robot sien, sou jy daarvan gehou het oor hoe die tsotsi hom behandel het. Motiveer jou antwoord. [1]

1.12 Wat, dink jy, is die boodskap van hierdie gedig? [1]

**[18]**

Blaai om … Vraag 2

## VRAAG TWEE

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### HUISKAT

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig opgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar 'kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar, soos 'n blink reptile

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit - die veearts het haar 'reggemaak" -
ekstase en angs van lewe vootrbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

## VRAE :

2.1.1 Watter soort spreker voort in die gedig? [1]

2.1.2 Haal 'n versreël aan om jou antwoord te motiveer. [1]

2.2 Watter woord uit strofe 1 dui dat die kat mooi en sag is? [1]

2.3 Die titel van die gedig is net "Huiskat".
Waarom is dit nie "'n" of "die" huiskat nie. [1]

2.4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
"Huiskat" is 'n (Engelse / Italiaanse) sonnet. [1]

2.4.2 Gee twee redes vir jou antwoord. [2]

Blaai om … vraag 2.5

2.5 Vul die ontbrekende woorde in deur uit die lys te kies. Skryf net die antwoorde neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| agaat, | gelukkigheid, | hartseer, | driehoekig, | lewe, | arglistig |

Die kat se gesig is 2.5.1. Sy is sielloos want sy kan nie meer 2.5.2 voortbring nie. Die kat sal nooit die 2.5.3 en angs van geboorte ervaar nie. [3]

2.6 Bespreek die funksie van enjambement in die gedig. [1]

2.7 Waarom is die woord 'reggemaak' in versreël 10 tussen aanhalingstekens geskryf? [1]

2.8 Hoe verskil 'n kat se voorkoms van sy geaardheid / persoonlikheid. [2]

2.9 Hoekom, dink jy, loop 'n kat weg as jy haar wil vryf en liefde wys? [1]

2.10 Pas Kolom A met Kolom B. Skryf slegs die letter langs die nommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.10.1 Sal steeds eenselewig, alle teerheid stuit. | A. metafoor<br>B. alliterasie |
| 2.10.2 haar luiperdlies te lek. | C. assonansie |

[2]

**[17]**

**TOTAAL : [35]**

## AFDELING B : ROMAN – LIEN SE LANGSTAANSKOENE

**Beantwoord AL die vrae.**

### VRAAG DRIE

Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

3.1 Die plek waar die verhaalsgebeure afspeel is die (milieu, intrigue).

3.2 Die onbekende persoon wat na die videos kyk, vorm deel van die (intrige, spanning).

3.3 Die verhaal word deur 'n (derdepersoon, ek-verteller) vertel.

3.4 'n Roman bestaan uit (strofes, bedrywe, hoofstukke).

1X4=[4]

### VRAAG VIER

Pas Kolom A met Kolom B. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1 Nora Jones | A) gee vir Lien emosionele ondersteuning. |
| 4.2 Wouter | B) verwys na die video opname. |
| 4.3 Skuinsgedrukte woorde aan die einde van hoofstukke. | C) woorde in haar liedjies sluit by Lien se lewe aan. |
| 4.4 Tibbey | D) Lien se gunsteling onderwyser. |
| 4.5 "Kuifie" | E) gee Lien wenke oor hoe om te bedel. |
| 4.6 Mnr Mac Millian | F) die dominee se bynaam. |
| 4.7 Lien | G) gee Lien raad oor gemaklike skoene. |
| 4.8 Miemie Spies | H) baaspelerig en gee bevele in die haarsalon. |
| 4.9 Donovan | I) vier haar agtiende verjaarsdag met Lien. |
| 4.10 Roos | J) hoofkarakter wat kwaad vir die lewe is. |

[10]

Blaai om … Vraag 5

## VRAAG VYF

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1 *Stadig stap sy in die rigting van die besige kruising oorkant die sentrum. Sy kyk na die onvriendelike mense wat vinnig by haar verbyjaag sonder om in haar rigting te kyk. Haastig. Doelgerig op pad. Almal lyk so onvriendelik,* scary, in control, *nie tyd vir onnodige dingetjies nie. Sy voel skielik bang vir al die vreemde gesigte.*

2 *Die besige kruising kom nader. Dit voel asof die hele wêreld vir haar kyk. Die pruik laat haar kopvel jeuk en die brilletjie wil kort-kort afval. Dis omdat sy sweet, hoekom weet sy nie, want dit is nie eintlik warm nie. Sy gaan staan op die sypaadjie, 'n tree van die verkeerslig af, so na as moonlik aan die straat*

3 *Sy haal die opgevoude plakkaat wat sy die vorige aand netjies met plastiek oorgetrek het , uit Braam se ou rooi sportsak. Sy sit die sak op die sypaadjie langs die verkeerslig neer.*

4 **Werkloos. Twee afhanklikes. Enige donasie welkom. Die Here seën u !**

5.1 Lien was oppad huis toe nadat sy gewerk het.

5.1.1 Waar het sy vroeër gewerk? [1]

5.1.2 Watter soort werk doen sy nou? [1]

5.2 Waarom moes Lien in haar matriek jaar werk? Noem 2 redes. [2]

5.3 Waarom gebruik Lien 'n pruik en 'n brilletjie? [1]

5.4 Haal 4 opeenvolgende woorde aan wat wys hoe Lien mense beïnvloed om haar geld te gee. [1]

5.5 Waaroor voel Lien se ma skuldig? [1]

5.6 Waarom voel jy jammer vir Lien? [1]

5.7 Bespreek waarom "Lien se Lankstaanskoene" 'n goeie / doeltreffende titel is? [2]

5.8 Noem drie maniere hoe Lien probeer het om geld in die hande te kry. [3]

**[13]**

Blaai om … Vraag 6

**VRAAG SES**

Gebruik die woorde in die blokkie en vul in die ontbrekende woorde om die paragraaf te voltooi.

| |
|---|
| Roos, onselfsugtige, Tibbey, selfsugtig, Hein, Johnny |

Lien is 'n 6.1 persoon want sy gebruik haar spaargeld om 6.2 na die ongeluk te help. 6.3 speel 'n groot rol in Lien se planne om die beseerde bedelaar te help.

**[3]**

**VRAAG SEWE**

## Die Besoek (2)

Dan sien sy hom by die deur inkom aan die ander kant van die vertrek.

Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.

Hy het grys geword. Hy loop effens krom, sy oë soekend. Hy gaan staan toe hy haar sien, kyk roerloos na haar. Dit lyk asof hy wil huil. Hy staan roerloos met sy kop skeef vir haar en kyk. So verstom. Daar is 'n trek om sy mond wat sy nie ken nie. Sy oë lag nie meer soos sy onthou nie. Sy gesig lyk so *sad*.

"Hoekom het jy dit gedoen?" vra sy nadat hulle lank net gesit het.

Hy haal sy skouers op.

"Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings . . . Ek was gulsig." Hy lyk verleë.

"En al die geld wat julle gevat het?"

Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná 'n ruk sê hy: "Ons het 'n klomp in die buiteland belê, maar dit was 'n flop. Die *scheme* was *dodgy* en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos . . ."

Hy bly 'n rukkie stil.

"Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor en ek wonder elke dag of julle my ooit sal vergewe."

Blaai om ... 7.1

7.1 Wie het Lien gaan besoek? [1]

7.2 Waarom, dink jy het Lien die person vroeër in die roman gehaat? [1]

7.3 Tydens Lien se ma in die kliniek was en haar pa in die tronk was, het Tannie Bets Lien ondersteun. Noem twee maniere hoe sy Lien gehelp het. [2]

7.4 Bespreek die belangrikste tema in hierdie roman. [1]

(5)

**Totaal : [35]**

**GROOTTOTAAL : [70]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY